Persaankondiging - Remgro Beperk

Remgro Beperk
("Remgro" of "die Groep")

Resultate vir die tussentydperk geëindig 30 September 2004

Finansiële inligting:

- Toename in wesensverdienste per aandeel: + 3.0%
- Toename in intrinsieke waarde per aandeel gedurende die ses maande: + 6.5%
- Toename in tussendividend per aandeel: + 14.9%

Thys Visser, hoofuitvoerende beampte, lewer soos volg kommentaar: "Remgro sal voortgaan om die toepaslikheid van sy beleggingsportefeulje, sowel as nuwe beleggingsgeleenthede, te evalueer. Ek is seker dat aandeelhouers tevrede is met die dividendvloei en die voortgesette groei wat Remgro jaar na jaar toon."

Oorsig

- Wesensverdienste het met 1.9% tot R2,462 miljoen (2003: R2,415 miljoen) toegeneem. Wesensverdienste per aandeel het egter met 3.0% tot 492.0 sent toegeneem vanweë die gunstige uitwerking van die aandeleterugkoopprogram.
- Remgro se Suid-Afrikaanse belange het stewige wesensverdienstegroei per aandeel van 15.2% gelewer (tabak uitgesluit).
- Die bydrae van die tabakbelange, wat 42.2% (2003: 48.4%) van totale wesensverdienste verteenwoordig het, het met 11.0% afgeneem hoofsaaklik as gevolg van die nie-herhalende netto koopopsie-premie wat tydens die vergelykende tydperk verantwoord is.
- 'n Sterk, dog meer stabiele rand het R&R se bydrae tot wesensverdienste met R42 miljoen (2003: R338 miljoen) verminder. Teen 'n konstante pond/rand-wisselkoers was die daling 7.3%.
- BAT se toeskryfbare inkomste,voor klandisiewaarde amortisasie en uitsonderlike items, het met 2.4% in sterling toegeneem.
- Remgro het sy intrinsieke waarde per aandeel van R101.23 op 31 Maart 2004 tot R107.77 verhoog. Dit kom neer op 'n styging van 6.5%.
- 'n Tussendividend van 116 sent per aandeel is verklaar. Dit verteenwoordig 'n styging van 14.9% vergeleke met die vorige tussendividend.
- Remgro se netto kontantposisie by die kern bly sterk.

Persaankondiging - Remgro Beperk

Hersamestelling van segmentontleding

Remgro het sy segmentontleding gewysig. Handelsmerkbelange, wat vroeër R&R Holdings SA, Luxembourg en Distell Groep ingereken het, verantwoord nou slegs R&R Holdings SA, Luxembourg en derhalwe is “Handelsmerkbelange” verander na “Tabakbelange”. Medi-Clinic, Distell Groep en Caxton word onder “Nywerheidsbelange” gegroepeer. Medi-Clinic en Caxton is voorheen onder “Korporatiewe finansies en ander belange” verantwoord.

Beleggingsoorsig:

Remgro verdien inkomste uit beleggings in die volgende sektore:

- Tabak
- Finansieel
- Nywerheid
- Mynbou en
- Korporatiewe finansiering en ander

Tabakbelange:

- Die koopopsies wat R&R in Januarie 2003 uitgereik het ten opsigte van BAT-voorkeuraandele is in Mei 2004 deur opsiehouers uitgeoefen.
- Voorkeuraandele is in gewone BAT-aandele omskep.
- R&R se belang in BAT het van 29.4% (op 31 Maart 2004) tot 28.1% afgeneem, met inagneming van die effek van die omskakeling van BAT se voorkeuraandele en BAT se volgehoue aandeleterugkoopprogram.
- Die toename van 105.1% in Remgro se basiese verdienste per aandeel hou verband met Remgro se aandeel in die uitsonderlike wins wat BAT gemaak het deur die samesmelting van Brown & Williamson en RJ Reynolds en die verkoop van Lane Limited aan Reynolds. Sodanige uitsonderlike items word by die berekening van wesensverdienste uitgesluit.

Finansiële belange:

- Remgro se finansiële belange het baat gevind by die toename in kleinhandelsbankbedrywighede en die laer voorsiening vir slegte skulde.
- ABSA het stewige verdienstegroei aangekondig en die bydrae tot Remgro se wesensverdienste was R231.3 miljoen (2003: R199.2 miljoen).
- Remgro wag steeds op 'n verklaring waarin volledige besonderhede gegee word oor Barclays se aanbod vir ABSA alvorens hy sy strategie bekend maak.
- FirstRand en RABB se gesamentlike bydrae het met 16.4% van R478.4 miljoen in 2003 tot R556.8 miljoen toegeneem.

- FirstRand se beoogde SEB-transaksie sal tot gevolg hê dat Remgro se direkte aandeelhouding van 9.5% tot 8.6% verminder.

Nywerheidsbelange:

- Rainbow, Distell en Total South Africa was hoofsaaklik daarvoor verantwoordelik dat nywerheidsbelange met 22.8% toegeneem het.
- Rainbow se resultate is opgestoot deur verbruikersvertroue, aangevuur deur die laer rente- en inflasiekoers, sowel as fermer plaaslike prysrealisasies. Hoenderinkomste het, bo en behalwe die 8.1%-verbetering in prysrealisasies, met 9.7% tot R1.6 miljard (2003: R1.4 miljard) toegeneem hoofsaaklik as gevolg van 'n beter produkmengsel en volumegroei van 1.6%
- Distell het goeie verkope en groei in bedryfsmarge ondervind, terwyl Total South Africa voordeel getrek het uit stewige bedryfsgroei, 'n toename in markaandeel en hoër brandstofpryse.
- Medi-Clinic se stewige resultate het sy bydrae tot wesensverdienste met 11.9% tot R125.2 miljoen (2003: R111.9 miljoen) laat toeneem.
- Hierdie goeie resultate is teengewerk deur 'n daling van 73% in die bydrae van Transvaal Suiker tot R12.4 miljoen (2003: R46.7 miljoen). Hierdie daling was veral te wyte aan laer suikerproduksie, droogte en die uitwerking van die sterker rand op uitvoerpryse.
- Unilever Bestfoods Robertsons se bydrae het met 25% gedaal. Dit kan toegeskryf word aan swakker ekonomiese omstandighede in Israel, aansienlike herstruktureringskoste wat teen wesensverdienste bereken is en die laer rente verdien op die aandeelhouerslening vanweë kapitale terugbetalings.
- In Oktober 2004 is die 50%-aandelebelang in Henkel SA vir R80 miljoen verkoop.

Mynbelange:

- Mynbelange het met 33.8% tot R80.8 miljoen afgeneem hoofsaaklik as gevolg van laer inkomste van Trans Hex en die feit dat Remgro se belang in Impala, wat in Junie 2003 deur Gencor ontbondel is, nie gedurende die oorsigtydperk volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is nie, terwyl Gencor, en dus ook Impala, wel tot 30 Junie 2003 geëkwiteer is.
- Dividende ten bedrae van R53.4 miljoen van Impala is by inkomste ingesluit.

Stellenbosch, 26 November 2004

-EINDE-

Persaankondiging - Remgro Beperk

Vir verdere inligting skakel asseblief:

Thys Visser (hoofuitvoerende beampte), Remgro	(021) 888-3330

Uitgereik deur:

Keyter Rech Investor Solutions	
Vanessa Rech	(011) 283-0096 of 083-307-5600
Marlize Keyter	(011) 283-0043 of 083-701-2021

Uitreikingsdatum:	**26 November 2004**
Vir bykomende inligting:	**www.remgro.com**